



SELFOON- TABLETBELEID

1. Selfone word toegelaat, maar slegs om ouers in noodgevalle te skakel of vir gebruik as tegnologie in die klas, waar dit slegs sal geskied onder toesig van die onderwysers. Die woorde, “Haal uit julle fone ...” is die sleutelwoord.
2. Tablette word toegelaat, maar slegs vir gebruik as tegnologie in die klas, en waar dit onder toesig van die onderwysers sal plaasvind.
3. Geen leerder se selfoon/tablet mag gedurende skool- en middagstudie-ure aan wees nie, pouse ingesluit.
4. Indien 'n leerling dringend moet skakel word van hom verwag om toestemming by die naaste onderwyser/toesighouer te kry.
5. Indien 'n ouer hul kind wil bereik moet die kantoor geskakel word wat die boodskap sal oordra. Sms'e en whatsapp boodskappe mag ook net gelees word met die toestemming en in die teenwoordigheid van 'n onderwyser/toesighouer.
6. Geen selfoonspeletjies, sms'e, whatsapp en dergelike gebruik mag gedurende pouse of na skool by die middagstudie plaasvind nie.
7. Leerlinge wat siek is meld by hulle klasonderwyser aan wat hulle na die siekeboek sal vergesel. Geen leerling mag sy ouer bel om hom/haar af te haal nie. Die kantoor sal daarvoor besluit en indien nodig sal ouers gekontak word.
8. Leerlinge wat 'n probleem met 'n maat of onderwyser het, mag nie hul ouers direk skakel nie. Die regte prosedure is om dit eers aan te meld sodat die skool die saak hanteer.
9. Leerders se selfone sal gekonfiskeer word indien:
 - Hulle lui in klastyd.
 - Sms'e of Whatsapp in klastyd plaasvind.
 - Enige onaanvaarbare taal, foto's en diesmeer daarop gevind word.
 - Die selfoon sal in die kluis bewaar word en mag eers na 'n week afgehaal word.
10. Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir selfone wat gesteel of verlore raak nie.

GOEDGEKEUR DEUR DIE BESTUURSPAN OP 2016-01-11

M Coomans
Skoolhoof

